kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandgnel@outlook.com

Steek êrens in jou woonplek 'n kers aan terwyl jy lees.

Tema: Van geslag tot geslag. Oor geloofsverandering.

Skriflesing: Psalm 90

Broodjies vir die pad

"Be happy about your growth, in which of course you can't take anyone with you, and be gentle with those who stay behind; be confident and calm in front of them and don't torment them with your doubts and don't frighten them with your faith or joy, which they wouldn't be able to comprehend. Seek out some simple and true feeling of what you have in common with them, which doesn't necessarily have to alter when you yourself change again and again;"
— Rainer Maria Rilke, Letters to a Young Poet

"There is divine beauty in learning... To learn means to accept the postulate that life did not begin at my birth. Others have been here before me, and I walk in their footsteps. The books I have read were composed by generations of fathers and sons, mothers and daughters, teachers and disciples. I am the sum total of their experiences, their quests. And so are you."
— Elie Wiesel

"To be faithful, to be creative, we need to be able to change. To change! And why must I change? So that I can adapt to the situations in which I must proclaim the Gospel. To stay close to God, we need to know how to set out; we must not be afraid to set out."
— Pope Francis, The Church of Mercy

"The future belongs to those who give the next generation reason for hope."
— Pierre Teilhard de Chardin

"It took untold generations to get you where you are. A little gratitude might be in order. If you're going to insist on bending the world to your way, you better have your reasons."
— Jordan B. Peterson, 12 Rules for Life: An Antidote to Chaos

"I simply state that I'm a product of a versatile mind in a restless generation-with every reason to throw my mind and pen in with the radicals. Even if, deep in my heart, I thought we were all blind atoms in a world as limited as a stroke of a pendulum, I and my sort would struggle against tradition; try, at least, to displace old cants with new ones. I've thought I was right about life at various times, but faith is difficult. One thing I know. If living isn't seeking for the grail it may be a damned amusing game."
— F. Scott Fitzgerald, This Side of Paradise

"The world can no longer be left to mere diplomats, politicians, and business leaders. They have done the best they could, no doubt. But this is an age for spiritual heroes- a time for men and women to be heroic in their faith and in spiritual character and power. The greatest danger to the Christian church today is that of pitching its message too low."
— Dallas Willard, The Spirit of the Disciplines: Understanding How God Changes Lives

"The Christian life is not about pleasing God the finger-shaker and judge. It is not about believing now or being good now for the sake of heaven later. **It is about entering a relationship in the present that begins to change everything now. Spirituality is about this process: the opening of the heart to the God who is already here."**
— Marcus J. Borg, The God We Never Knew: Beyond Dogmatic Religion to a More Authentic Contemporary Faith

How to have faith—or even think about God—without having to stifle modern rational thought is one of the most vital challenges facing many of us today. Marcus J. Borg, author of the bestselling *Meeting Jesus Again for the First Time*, traces his personal spiritual journey to the discovery of an authentic yet fully contemporary understanding of God. In a compelling, readable way, he leads us from the distant, authoritarian God of our childhood to an equally powerful, dynamic adult image of God—"the beyond in our midst," the life spirit that is within us and all around us—that reconciles faith with science, history, critical thinking, and religious pluralism.

https://www.goodreads.com/book/show/76773.The_God_We_Never_Knew

Brood vir die pad

Erken (en genees) die God-wond

Johann Rossouw

Oor die afgelope twee dekades of wat is navorsing oor die brein gedoen wat bevestig wat ons al lankal uit ander bronne weet – die mens kan nie leef sonder die geloof in iets hoërs nie.

Die ondersoek van die areas van die brein wat met geloof te make het, het daarop uitgeloop dat die verwysing ontstaan het na die brein se "G-kol", hoewel dat die "God-kol" van die brein inderwaarheid meer as een area van die brein betrek.

Doodgewone gesonde verstand en waarneming van die menslike toestand wys ook vir ons dat mense nie sonder die geloof in iets hoër kan klaarkom nie, al is dit dan nou net ideale.

Selfs die verbintenis daartoe om alle idealisme en gelowe as "vals" te "ontbloot" is natuurlik self 'n vorm van idealisme,

want waarom sal jy anders probeer om mense van hierdie "waarheid" te oortuig as ons bloot "net nog 'n dierespesie" is?

Een van die gevolgtrekkings wat hieruit gemaak kan word, is dat om 'n ideaal te verloor waarin 'n mens eens geglo het, 'n traumatiese verlies is.

As jy ook nog kom uit 'n idealistiese kultuur, soos byvoorbeeld die Afrikanerkultuur, is so 'n verlies nog meer traumaties – niemand is meer sinies as 'n ontnugterde idealis wat nog nie van sy verlies herstel het nie, al is dit dan nou bloot deur jou te verbind tot die ideaal van wraak op jou vorige ideaal.

As ons oor ideale praat, is dit moeilik om te dink aan groter ideale as die van geestelike en filosofiese tradisies, byvoorbeeld die waarheid vir Plato, verligting vir die Boeddha, of vergoddeliking en verlossing vir die Christendom.

Ewe min as wat die Afrikaners sonder hul idealisme voorgestel kan word, ewe min kan ons sonder die Christelike tradisie voorgestel word. So gesien, is dit vir 'n Afrikaner in die besonder traumaties om sy of haar eertydse Christelike geloof te verloor.

Geloof en geloofstradisies is natuurlik nie tydloos en verhewe bo kulturele, politieke, maatskaplike en ander kragte nie. Terwyl Afrikaners van meet af in ons geskiedenis gelowig was en diep gevorm deur die Christelike tradisie in ons idealisme, en terwyl hierdie tradisie ook deur voorgenoemde kragte beïnvloed word, is dit 'n besonder interessante vraag wat met die Afrikaners en ons geloof gebeur het ná die prysgawe van staatsmag in 1994.

Die punt is al meermale gemaak dat ofskoon die Afrikaners ontstaan het uit die Westerse tradisie in die Afrika-konteks, het ons nie noodwendig in alle opsigte die afgelope twee eeue of wat dieselfde neigings as die Westerse wêreld vertoon nie, of het ons dikwels Westerse idees en instellings op ons eie manier in ons plaaslike konteks toegeëien.

Een voorbeeld hiervan is dat die groeiende skepsis wat ná die sogenaamde Verligting aan die einde van die 18de eeu in Europa oor geloof begin posvat het, vir alle praktiese doeleindes eers ná 1994 'n groot tema onder Afrikaners begin word het.

Ons kan bespiegel dat die groeiende politieke onsekerheid waarmee Afrikaners ná 1994 gelaat is, ook gelei het daartoe dat baie Afrikaners hul geloofsekerhede begin bevraagteken het, en selfs daarvan afstand gedoen het.

Ons kan ook bespiegel dat die ontnugtering waarmee baie Afrikaners oor die drie susterskerke se eertydse steun vir apartheid gelaat is, ook 'n rol in die afstanddoening van hul geloof gespeel het.

Nog 'n faktor is sekerlik die teologiese verstardheid en dwang wat veral in die 1970's en 1980's tekenend van Afrikanergeloofsbeoefening geword het, namate die hoofstroomkerke hulleself geroepe geag het om onderdanigheid aan die apartheidstaat in die hand te werk, soos beskryf deur die destydse grappie dat die NG Kerk eintlik die Nasionale Party in gebed is.

Ná 1994 het debatte oor Skrifgesag en seksualiteit – veral homoseksualiteit – tot enorme twiste, verwarring en bontpratery in kerklike kringe gelei, dikwels met ontsettende psigiese skade aan lidmate wat nou deur die kerk verwerp gevoel het.

Die heftigheid waarmee sommige Afrikaners oënskynlik vandag nog op hul geloofsverlies en teen die kerk reageer, noop 'n mens bykans om te praat van 'n Godwond – 'n letsel van 'n ontsettende verlies wat net nie wil genees nie, sodat die versoeking om die wond te vertroetel altyd daar is.

Hierdie verskynsel het mettertyd ná 1994 'n teenhanger ontwikkel – terwyl sommige Afrikaners op geloofsonsekerheid reageer het deur hul geloof op te gee, het ander die onsekerheid probeer besweer deur totaal fundamentalisties en onbuigsaam daarmee om te gaan.

In dié geval word mense vertel hulle moet blind glo "soos 'n kindjie", moet die Bybel gelees word as die historiese dokument wat dit nie is nie, en hang die individu se lot af van "hoe sterk jou geloof is" – as dit nie "sterk genoeg" is nie, gaan God jou gewis "beproef" en "louter" met persoonlike verliese en "strawwe" om jou te "leer" om "sterker" te glo.

Een van die groot intellektuele prestasies van die Christendom was om geloof en rede te balanseer.

Dit gebeur dikwels dat wanneer mense se geloofsekerhede versteur word, hierdie balans ook versteur word, en dat mense dan óf die rede óf geloof verabsoluteer – altyd ten koste van die een of die ander.

In filosofiese taal praat ons van rasionalisme en fideïsme – en kan ons sê dat rede sonder geloof bloedarmoedig raak, terwyl geloof sonder rede irrasioneel en dikwels manipulerend raak.

Een van die ergste intellektuele rampe wat die Afrikaners ná 1994 getref het, is dat die rasionaliste en die fideïste se geveg met mekaar vandag die gesprek oor geloof, asook oor geloof en die wetenskap, oorheers.

Die rasionaliste met hul blinde geloof in die rede en die wetenskap bestorm die irrasionele fideïste donderend en hou dié karikatuur van die Christendom voor as tekenend van hoe agterlik en manipulerend die Christendom dan nou kwansuis sou wees.

Die fideïste met hul blinde haat teen die rede bestorm die rasionaliste met hul Godwond en hou dié onsimpatiek voor as goddeloses wat tekenend is van alles wat met die moderne wêreld en sy verwerping van God verkeerd is.

Om 'n redelike bemiddeling tussen die twee getraumatiseerde groepe na te strewe, is waarskynlik 'n tevergeefse hoop, want wie sy of haar onverwerkte onsekerheid met luidkeels verkondigde sekerhede probeer verdoesel, het nog nie eens begin met die werk van rou oor wat verloor is nie.

Menslik gesproke sal dit hopelik help om te begin met 'n veel eerliker gesprek as tot dusver oor wat die oorgang van 1994 aan Afrikaners se geloofsekerhede, teologiese opvattings en aanbiddingspraktyke gedoen het.

Miskien as alle belanghebbendes hierby sodoende begin om mekaar se Godwond te verbind, miskien dan kan ons nugterder oor God, die rede en die geloof praat, en onsself toelaat om weer te verlang na dit wat verloor is.

Soos 'n mens ná 'n liefdesteleurstelling weer kan lief hê, so kan jy ná die opdoen van 'n Godwond weer sowel die rede as die geloof waardeer as die wond eers erken word – so nie, sal die wond bly praat.

** Prof. Johann Rossouw doseer filosofie aan die Universiteit van die Vrystaat.*

https://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/johann-rossouw-erken-en-genees-die-god-wond-20201018

wynandgnel@outlook.com 082 901 5877